**20 Junie**
**Skrifgedeelte: Johannes 4:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 4:4 (1933- of 1983-vertaling)**

**‘n Lotto-God? Nee, ‘n Vader vir ons!**

Jesus *moes* deur Samaria gaan. Die betekenis van die woordjie “moes” in die sin is nié dat daar nie ‘n ander pad was nie. Die Jode het gewoonlik deur Samaria van Galilea na Jerusalem gereis. Agter hierdie woordjie “moes” lê die ewige raad en voorsienigheid van God die Vader, want Hy het die aardse werk van sy Seun gerig. Selfs die pad wat Hy moes neem, is deur God bepaal. So word ook ons pad deur Hom bepaal.
Die ou Grieke het geglo dat die lewe op die aarde bepaal en bestuur word deur ‘n onpersoonlike, onsigbare en onkenbare mag. Hulle het daarvan gepraat as die *noodlot*. Hierdie Lotto-siening het mense bang gemaak vir die toekoms. Die apostel gebruik hier die Griekse woord, maar dit is asof hy sê: “As mense van God ken ons nie so iets dat die noodlot die werk van Jesus, die Seun van God, bepaal nie. Nee, dit is God, sy Vader.” God die Vader stuur sy Seun na een bepaalde Samaritaanse vrou – na ‘n duistere karakter.
Wat van jou, geagte leser en prediker? Is dit maar toevallig dat jy die Woord van God kan hoor en dat jou meubels in die pastorie staan? God is nie ‘n Lotto-God nie, maar ons Vader. Van ewigheid af het Hy dit so bepaal dat ons ook sy Woord mag hoor en dit mag preek en dit is geen toeval nie. Bely dan: “Ek glo in God, die Vader, die Almagtige. Hy en sy Seun werk tot nou toe en ek werk ook.”
*Sing: Psalm 33:6 (1936 beryming) Ds JH Grobler (Piet Retief)*